



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Gratis kinder storie:

Die bangerige wurmpie deur Anna Emm

Daar was eenmaal 'n wurmpie wat baie bang was. Hy het altyd gesoek na 'n goeie wegkruipplek waar niemand hom in die hande kon kry nie. Op 'n dag toe die son lekker skyn langs die rivier, verbeel die wurmpie hom hy sien 'n skaduwee in die gras.

"O aarde!" roep hy uit. "Ek is seker dis 'n monster wat my wil vang! Ek beter wegkruip!"

Langs die rivier staan 'n man en visvang, en langs hom op die grond staan 'n blikkie met aas. Dit lyk vir die wurmpie na 'n goeie wegkruipplek, en hy kruip in die blikkie in. Die man voel in die blikkie vir 'n stukkie aas om aan sy hoek te sit. Hy vat die wurmpie raak, haal hom uit die blikkie, en draai sy lang lyfie om die hoek. En pardoems! gooi die man sy lyn met die hoek en die wurmpie aan in die water.

Die bangerige wurmpie loer om hom rond in die water. Hy soek 'n wegkruipplek. Net toe kom daar 'n groot vis aangeswem, en hy lek sy lippe af toe hy die wurmpie sien.

"Ek dink nie jy moet my eet nie!" roep die wurmpie bangerig.

"En hoekom nie?" vra die vis.

"Want daar is 'n reuse monster met groen tande daar langs die rivier, en as jy my eet gaan jy aan sy hoek vassit en hy gaan jou vang!" roep die wurmpie benoud.

Die vis skrik hom boeglam en swem vinnig weg. Maar 'n tweede vis swem nader en wil kom proe aan die wurmpie.

"O nee," roep die wurmpie, "moenie my eet nie! Daar is 'n aaklige monster met lang tande langs die rivier, en as jy my eet gaan jy aan die hoek vassit en hy gaan jou vang!"

Die tweede vis swem ook vinnig weg. Nog 'n vis en nóg 'n vis kom loer na die wurmpie aan die hoek, maar elke keer as hulle hom wil hap vertel die bangerige wurmpie vir hulle die vreeslikste stories oor monsters en ander bangmaakgoed.

Toe die man na 'n uur nog nie eens 'n byt aan sy lyn gehad het nie, katrol hy die wurmpie weer op. Hy haal hom van die hoek af en kyk mooi na hom. "Lyk my nie jy gaan vandag vir my visse vang nie, ou wurmpie," sê hy. "Dalk wil niemand jou eet nie, want jy proe nie lekker nie?"


Hy gooi die wurmpie eenkant tussen die lang gras, en sit ander aas aan sy hoek. Die wurmpie dink aan wat die man gesê het. Hy wat wurmpie is, proe nie lekker nie! En niemand wil hom eet nie!

Baie opgewonde en baie dapper seil die wurmpie toe weg. En van daardie dag af was hy glad nie meer bang vir monsters en dinge nie.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

Die bangerige wurmpie illustrasie deur Elanie Bieldt



Nuus uit die kantoor: Ontmoet ses van ons top agente

Lizelle Alkema - Durbanville

"Jy ken mense en hulle ken mense! Anna Emm se produkte is so goed dat hul hulself verkoop - jy het net nodig om die woord te versprei en jou verkope sal groei. Ek bly opgewonde oor die produkte. Dit is 'n belegging wat jy, en jou kliënte, in kinders se lewens maak!"

lizelle.alkema@gmail.com



Marilize Gobey - Pretoria

"Ek het begin agterkom ons kinders van vandag "luister" nie meer nie, maar soek net visuele stimulasie. Ek was vreeslik opgewonde toe ek die AnnaEmm Reeks ontdek het! Ek stuur n weeklikse nuusbrief uit aan al my kliente en deel ook pamflette by bv skole, arbeidsterapeute ens uit. Die demo CD is baie gewild. Dankie, Anna Emm, vir die wonderlike geleentheid om jou produkte te verkoop en dit self te gebruik! Tokkie die Tandemuis is ons gesin se gunsteling!"

gobey@telkomsa.net



Retha Kruger - Durbanville

Ek dink die sukses agter my verkope is die glo in my produk. Ek het hoofsaaklik 2 passies in my lewe - Afrikaans en kinders. Wat 'n beter manier om dit uit te leef as om stories

IN Afrikaans aan kinders te bemark!

Alhoewel ek 'n aptekersweskwalifikasie het, glo ek dat ek nou my passie gevind het.

Ek sien daarna uit om nog nuwe stories saam met die kinders te ontdek!"

frankrug@mweb.co.za



Rinette van Wyk - Klerksdorp

"Wat dink ek is die sukses? Die feit dat ek self mal is oor al die stories en opgewonde raak daaroor. Bemaking kos 'n paar rand, maar bemaking is tog nodig om die produk "daar buite" te bemark waar ek nie self kan uitkom nie. Dis nog maar redelik onbekend hier by ons, maar hopelik verander dit gou!"

vanwyk.rinette@gmail.com



Jane Steenkamp - Pretoria

"Ek het verlede maand regtig moeite gedoen met bemarking by die skool waar ek skoolhou, en dit het gewerk. Ek het e-posse aan my vriende gestuur en hulle het dit ook aangestuur. Ek het ook al bietjie voorraad aangekoop, want mense koop makliker as hul die produkte sien en na 'n storie kan luister."

janebritz@yahoo.com



Ina Genade - Worcester

"Die geheime resep is beslis die goeie gehalte van Anna Emm se produkte. Iemand wat een storie gekoop het, sal beslis nog wil hê!"

Ek probeer my opgewondenheid oor die stories met mense deel. Ek probeer elke nuwe aanbod op kreatiewe maniere aan my kliënte voorlê - mens moet healtyd nuut dink!"

inagenade@mweb.co.za



Wil jy ook 'n agent vir Anna Emm se kinderstories word? Kontak agente@annaemm.co.za